



**education**

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**BESIGHEIDSTUDIES**

**FEBRUARIE/MAART 2009**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 300**

**Hierdie memorandum bestaan uit 35 bladsye.**

**NOTAS AAN NASIENERS:**

1. Vir nasien- en modereringsdoeleindes, word die volgende kleure aanbeveel:  
  
Nasiener – rooi  
Senior nasiener – groen  
Adjunk-hoof- en Hoofnasiener – swart  
Interne moderator – oranje

2. Die nommering van assessoringsstandaarde is in ooreenstemming met die beginsel van progressie van Graad 10 tot 12, bv. die eerste assessoringsstandaard is 12.1.2.
3. Kandidate se antwoorde moet in volsinne vir AFDELING B en C wees. Dit sal afhang van die aard van die vraag.
4. 'n Omvattende memorandum is voorsien maar dit is geensins volledig nie. Sorgvuldige oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is maar:

- 'n Ander uitdrukking as wat in die memorandum verskyn, gebruik
- Uit 'n ander bron afkomstig is
- Wat korrek en oorspronklik is
- Aan 'n ander toepaslike LO of AS verwant is

5. Neem asseblief sorgvuldig kennis van ander relevante antwoorde wat deur kandidate gegee word en ken punte dienooreenkomsdig toe.

**AFDELING B**

- 6.1 Indien byvoorbeeld, VYF feite vereis word, merk die EERSTE VYF antwoorde van die kandidaat en ignoreer die res van die antwoorde.
- 6.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, ken aan kandidaat VOLLE krediet toe.
- 6.3 Indien van kandidate verwag word om eie voorbeeld/sienings te gee, bespreek dit by die nasiensentrum ten einde finaliteit te verkry ten opsigte van die alternatiewe antwoorde.
- 6.4 Alle vrae waarvan kandidate verwag word om te 'verduidelik/bespreek/beskryf' sal soos volg nagesien word:
  - Opskrif (2 punte)
  - Verduideliking (1 punt) of soos aangedui in die memorandum
- 6.5 In vrae waarvan kandidate vereis word om te 'noem', kan antwoorde van kandidate in frases gegee word en nie noodwendig in volsinne nie.

## 7. AFDELING C

7.1 Die uiteensetting van puntetoekenning vir opstelvrae is soos volg:

Inleiding	<b>3</b>	
Inhoud	<b>27</b>	<b>Maksimum : 32</b>
Gevolgtrekking	<b>2</b>	
Insig	<b>8</b>	
<b>Totale punte</b>	<b>40</b>	

7.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

7.3	Struktuur/Uitleg(is daar 'n inleiding, bespreking waar behoorlike paragrawe gebruik is en gevolgtrekking?/Is daar logiese vloei/aaneenskakeling in die bespreking? Was die leerling instant om die konsepte met voorbeeldte illustreer?)	<b>2</b>
	Analisering en interpretasie (kandidate se vermoë om die vraag te verdeel ten einde begrip te toon van wat gevra is)	<b>2</b>
	Sintese (watter dele tot die vraag het jy in die antwoord ingesluit? En is daar relevante punte ingesluit?)	<b>2</b>
	Oorspronklikheid, voorbeeldte, relevante inligting, huidige neigings en ontwikkelings	<b>2</b>
	<b>TOTAAL VIR INSIG</b>	<b>8</b>

7.4 Dui insig in die linkerkantse kantlyn met 'n simbool aan, bv. ('SASO').

7.5 Die insigkomponente word aan die einde van die voorgestelde antwoord vir elke vraag aangedui. NOTA: Die komponente vir elke vraag kan verskil.

7.6 Merk alle relevante feite tot MAKSUMUM punte in 'n onderafdeling behaal is. Skryf MAKS. na die maksimum punte behaal is.

Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan:

(S – struktuur en/of A – analise, S – Sintese, O – Oorspronklikheid) soos in die tabel hieronder.

INHOUD	PUNTE
Feite	<b>32</b>
S	<b>2</b>
A	<b>2</b>
S	<b>2</b>
O	<b>2</b>
<b>TOTALE PUNTE</b>	<b>40</b>

**NOTA:** Die puntetoekenning vir insig kan vir elke opstel verskil.

- 7.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksima aangedui, veral as kandidate nie van dieselfde subopskrifte gebruik gemaak het nie. Onthou, opskrifte en subopskrifte dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/opeenvolging) en dui helderheid van denke aan. (Sien UITEENSETTING van PUNTE aan die einde van elke vraag.)
- 7.8 Indien kandidaat die vraag **VERKEERD** identifiseer/interpreteer, dan kan hy/sy nog steeds punte vir insig verdien.
- 7.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik is, maak seker dat antwoorde gemerk word volgens die puntetoekenning/subopskrifte soos aangedui in die memorandum.
8. Neem sorgvuldig kennis van die herhaling van feite. Dui aan met 'n 'R'.
9. Subtotale van die vrae moet in die regterkantse kantlyn geskryf word. Slegs die totaal vir elke vraag moet in die linkerkantse kantlyn langs die toepaslike vraag verskyn.
10. Ken TWEE punte vir volledige sinne toe. Ken EEN punt vir frases, onvolledige sinne en vae antwoorde toe.

**AFDELING A****VRAAG 1**

1.1	1.1.1	C		
	1.1.2	A		
	1.1.3	D		
	1.1.4	B		
	1.1.5	A		
	1.1.6	A		
	1.1.7	C		
	1.1.8	D		
	1.1.9	D		
	1.1.10	A	(10 x 2)	(20)
1.2	1.2.1	Regstellende aksie		
	1.2.2	Prestasiebeoordeling		
	1.2.3	Inklusiwiteit		
	1.2.4	Kreatiwiteit		
	1.2.5	SABS	(5 x 2)	(10)
1.3	1.3.1	Waar		
	1.3.2	Onwaar		
	1.3.3	Waar		
	1.3.4	Waar		
	1.3.5	Onwaar	(5 x 2)	(10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B****VRAAG 2****2.1.1 As die finansiële konsultant van ALL OVER PENDELDIENSTE, identifiseer DRIE uitdagings waarvoor jou besigheid te staan kom en klassifiseer hulle volgens die drie besigheidsomgewings. (LO1 AS2)**

- Vermeerdering die tarief tot R3/km ✓ - mikro ✓
- Vermeerdering lopende koste ✓ - mikro ✓
- Die bestaan van 'Sweet Go' Pendeldienste (mededingers) wat minder reis koste vra ✓ - mark ✓
- Verlies van Departement van Onderwys as klient ✓ - mark ✓
- Vermeerdering van rentekoers met 1% ✓ - makro ✓
- Vermeerdering in brandstof prys met 21 sent ✓ - makro ✓
- Enige ander relevante antwoord verwant aan die verandering in hierdie omgewings.

**Puntetoekening:**  
**Uitdaging 1**  
**Klassifisering 1**  
**ENIGE (3 x 2) (6)**

**2.1.2 Identifiseer die besigheidsektor waarin ALL OVER' PENDELDIENSTE bedryf word. Regverdig die omvang waartoe dit beheer kan uitoefen oor die drie besigheidsomgewings in hierdie sektor. Gebruik praktiese maniere of strategieë om jou antwoord te ondersteun. (LO1 AS5)****Identifisering van sektor:**

- Tertiêre sektor. ✓✓

**Identifisering van die omgewing:**

- **Mikro-omgewing.** ✓

**Kontrole**

- Die besigheid het volle kontrole oor hierdie omgewing. ✓✓

**Strategie**

- Dit kan veranderinge in werkverrigtinge van die besigheid implementeer deur die aantal voertuie te verminder. ✓✓
- Besnoei op lopende koste. ✓✓
- Verminder onnodige gebruik van maatskappyvoertuie. ✓✓
- Koop meer brandstof effektiewe voertuie. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord rakende die kontrole/strategieë tot besigheidsomgewing. ✓✓

**Identifisering van die omgewing:**

- **Markomgewing.** ✓

**Kontrole**

- Die besigheid het sekere of min kontole oor hierdie omgewing. ✓✓

**Strategie**

- Die besigheid kan die tarief per kilometer hersien. ✓✓
- Spesiale aanbiedinge vir korporatiewe besprekings. ✓✓
- Wye advertering van die effektiwiteit van pendeldienste. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord rakende die kontrole/strategie tot besigheidsomgewing. ✓✓

**Identifikasie van die omgewing**

- **Makro-omgewing.** ✓

**Kontrole**

- Die besigheid het geen kontrole oor hierdie omgewing. ✓✓

**Strategie**

- Koukus met ander liggeme sodat die Reserwebank die repo-koers ('repo rate') verminder. ✓✓
- Betrek ander belangbebbers om die dringendheid te verstrek vir vermindering van petrolpryse. ✓✓
- Verkry subsidies van die regering. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat betrekking het op kontrole/strategie ten opsigte van besigheidsomgewings. ✓✓

Puntetoekenning:

Identifisering van die sektor	2
Identifisering van die omgewing	3 x 1 = 3
Kontrole	3 x 2 = 6
Strategie	3 x 2 = 6
	17
<b>Maks</b>	<b>14</b>

**2.2 Noem DRIE faktore/punte wat jy sal oorweeg om 'n strategie vir enige besigheid van jou keuse te ontwikkel ten einde uitdagings in die makro-besigheidsomgewing te kan oorkom. (LO1 AS2)**

- Om 'n duidelike visie/missie, ens. te hê. ✓✓
- Fokus op die langtermyndoelwitte van die besigheid in die geheel. ✓✓
- Ontwerp 'n SWOT-analise om die huidige posisie van die besigheid te her-evalueer. ✓✓
- Stelvas wat moet dieselfde bly of wat moet verander om by die eksterne faktore aan te pas. ✓✓
- Ontplooи die bronse en vaardighede van die besigheid om die bedreiginge of geleenthede in sy omgewing te hanteer. ✓✓
- Ontwerp van 'n strategiese plan om die langtermyndoelwitte oor 'n sekere tydperk te bereik. (bv. 3 – 5 jaar). ✓✓
- Identifiseer verantwoordelike departemente om interne en eksterne fokusse te vestig. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord in verband met die ontwikkeling van 'n strategie om uitdagings in die makro-besigheidsomgewing te oorkom.. ✓✓

**ENIGE 3 x 2) (6)**

## 2.3 Bespreek die hoofdoel van die volgende Wette:

### 2.3.1 Die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995) (LO1 AS4)

- Dit maak voorsiening vir kollektiewe bedeling en kollektiewe ooreenkomste deur werksplekforums, ✓✓ bv. ooreenkoms ten opsigte van salarisverhoging. ✓
- Maak voorsiening vir arbeidsgeskille deur konsiliarie, arbitrasie, beregting of industriële aksie, ✓✓ bv. beslegting van betalingsgeskille. ✓
- Maak voorsiening vir vakunies en werkgewersorganisasies, ✓✓ bv. 'n regulatiewe raamwerk waarbinne hulle opereer. ✓
- Verantwoordelik vir die vestiging van die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie – KVBA, ✓✓ bv. sou onderhandelings op arbeidsake 'n dooie punt bereik, dan kan partye hulself verbind met die KVBA. ✓
- Enige ander relevante doelwit met betrekking tot die Wet op Arbeidsverhoudinge.

Enige 3 x 3 = 9

Puntetoekennung:

Feit 2

Verduideliking (voorbeeld) 1

**Maks. 8**

### 2.3.2 Die Wet op Billike Indiensneming (Wet 55 van 1998) (LO1 AS4)

- Skakel onbillike diskriminasie uit en bevorder gelyke geleenthede en billike behandeling, ✓✓ bv. balans in geslag. ✓
- Bevorder effektiwiteit in die werkerkorps om ekonomiese ontwikkeling te bevorder, ✓✓ bv. voorsiening van opleiding. ✓
- Om 'n diverse werkerskorps, grotendeels verteenwoordigend van die mense van Suid Afrika te verkry, ✓✓ bv. proporsionele verteenwoordiging van verskillende etniese groepe/reënboognasie. ✓
- Gee aandag aan die verpligte van die land as 'n lid van die Internasionale Arbeidsorganisasie, ✓✓ bv. in voeling met wêreldeigings ten einde verskillende soorte diskriminasie uit te skakel. ✓
- Enige ander relevante funksie met betrekking tot die Wet op Billike Indiensneming.

Enige 3 x 3 = 9

Puntetoekennung:

Feit 2

Verduideliking (voorbeeld) 1

**Maks. 8**

## 2.4.1 Verduidelik die konsep van onetiese reklame. Gebruik die inligting in die gevallestudie om jou antwoord te illustreer. (LO3 AS3)

- Besighede maak van onbillike, misleidende of onetiese reklame gebruik om kliënte te oorreed sodat hulle glo hulle meer waarde vir hul geld sal kry as wat hulle werklik kry. ✓✓
- Enige ander relevante verduideliking van die konsep van onetiese reklame.
- **Inligting in die gevallestudie om die antwoord te illustreer:**
- Ondernemings raak betrokke by onwettige, onderduimse of vuil spel. ✓✓
- Ondernemings raak betrokke by aasprysse, bv. aas en omswaai-taktieke. ✓✓
- Reklame van baie lae pryse sonder genoegsame voorraad. ✓✓

Puntetoekennung:

Konsep 2

Illustrasie (2 x 2) 4

**Maks. 6**

**2.4.2 Onetiese reklame is een van die uitdagings van etiese en professionele gedrag in die besigheidsomgewing. Identifiseer DRIE ander kwessies wat etiese en professionele gedrag in die besigheidsspraktyk beïnvloed. (LO3 AS3)**

- Seksuele teistering in die werkplek. √√
- Bedrog en korruksie. √√
- Misbruik van werkstyd. √√
- Belastingontduiking. √√
- Enige ander relevante antwoord op sake van onetiese en professionele gedrag.

**NOTA: Gee NUL vir onetiese reklame soos dit aangedui is.**

**ENIGE (3 x 2) (6)**

**2.5 Noem enige DRIE doelwitte van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Wet 97 van 1998) (LO4 AS3 and LO1 AS4)**

- Die produktiwiteit van die werkers word verbeter as gevolg van vaardigheidsontwikkeling in hul werkveld. √√
- Die werkers benodig opleiding op 'n aaneenlopende basis omdat die werksomgewing dinamies en gekompliseerd is en aanhouend verander. √√
- Om die indiensnemingsvoortsigte van voorheen benadeelde persone deur onbillike diskriminasie en voorsien geleenthede deur onderwys en opleiding te verbeter. √√
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot doelwitte van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling

**ENIGE (3 x 2) (6)  
[60]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 2	PUNTE
2.1.1	6
2.1.2	14
2.2	6
2.3.1	8
2.3.2	8
2.4.1	6
2.4.2	6
2.5	6
<b>TOTAAL</b>	<b>60</b>

**VRAAG 3**

**3.1 As die finansiële bestuurder van ABC Goudmyn-maatskappy word jy deur die uitvoerende direkteur versoek om 'n aanbieding vir aandeelhouers by die jaarlikse algemene vergadering te doen oor die finansiële prestasie van die maatskappy.**

**3.1.1 Noem DRIE vereistes wat jy sal oorweeg sodat die aanbieding goed, duidelik en akkuraat is. (LO2 AS6)**

- Identifiseer die metode van aanbieding wat gebruik word, bv. geskrewe inligting, elektroniese inligting, visuele aanbieding en mondelinge kommunikasie. ✓✓
- Neem die gehoor in ag, in hierdie geval die aandeelhouers, en berei dienooreenkomsdig voor. ✓✓
- Neem die vergaderplek en fasiliteite beskikbaar in ag, bv. elektriese uitgange, flitskaarte, dataprojektor, ens. sodat jy dienooreenkomsdig kan beplan. ✓✓
- Wees duidelik omtrent die doelwitte van jou aanbieding, bv. die finansiële posisie van die maatskappy wat aan die aandeelhouers aangebied word. ✓✓
- Verkry al die inligting wat nodig is en maak seker die bedrae wat jy aanbied is akkuraat, relevant en op datum. ✓✓
- Jy moet ook die tyd in ag neem en laat tyd toe vir vrae en bespreking. ✓✓
- Jy kan ook die formaat van jou aanbieding beplan wat insluit verwelkoming/inleiding, inhoud van die aanbieding en gevolgtrekking. ✓✓
- Maak seker jy is verstandelik voorberei vir die aanbieding deur repetering om seker te maak die aanbieding is hoogs suksesvol. ✓✓
- Enige ander antwoord met betrekking tot aanbieding van inligting.

**ENIGE (3 x 2) (6)**

**3.1.2 Die verkoopsdepartement het die tabelle hieronder oor die verkope van goud oor die laaste vyf jaar aan jou voorsien. Die vrae wat volg is op hierdie tabelle gebaseer. (LO2 AS6)**

**(a) Identifiseer die tipe grafiek wat in TABEL 2 en 3 voorgestel word.**

- Tabel 2 is 'n staafgrafiek/histogram. ✓
- Tabel 3 is 'n sirkelgrafiek. ✓

**(2 x 1) (2)**

**(b) Watter grafiek sal die gesikste een vir die aanbieding wees? Motiveer jou antwoord.**

- Staafgrafiek. ✓✓ (2)
- Die staafgrafiek illustreer geografies die vermeerdering en vermindering van die verkope van goud oor die jare. ✓✓
- Die staafgrafiek is makliker om te interpreteer en illustreer duidelik dat 2007 die hoogste verkope het of 2004 as die laagste. ✓✓
- Werk goed wanneer data reekse geïllustreer word. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot die staafgrafiek.

Puntetoekenning:

Keuse	2
-------	---

Motivering (2 x 2)	4
--------------------	---

<b>Maks. 6</b>
----------------

**OF**

- Sirkelgrafiek. ✓✓ (2)
- Dui die verkope van goud oor jare aan in 'n enkele sirkel. ✓✓
- Elke segment van die sirkel dui data vir 'n sekere jaar aan. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot die sirkelgrafiek.

Puntetoekenning:

Keuse	2
Motivering (2 x 2) elk	4
<b>Maks.</b>	<b>6</b>

**(c) Noem EEN neiging wat jy in die tabelle hieronder kan waarneem.**

- Hoogste verkope – 2007. ✓✓
- Laagste verkope – 2004. ✓✓
- Die verkope verminder in 2008 met R 40 miljoen. ✓✓
- Enige ander neiging geïdentifiseer in die tabelle.



**ENIGE (1 x 2) (2)****(d) Gebaseer op VRAAG 3.1.2(c) hierbo, watter aanbeveling kan jy aan die aandeelhouers doen?**

- Verminder die aanbod van goud op die mark ten einde die vraag te vermeerder dan sal prys styg wat 'n styging in omset tot gevolg sal hê. ✓✓
- Investeer in nuwe aanlegte vir groter produksie – laer eenheidskoste. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord ten opsigte van die neigings met betrekking tot 'c' hierbo. ✓✓

**ENIGE (1 x 2) (2)**

JAAR	<b>VERKOPE VAN GOUD (in R miljoen)</b>
<b>2004</b>	<b>300</b>
<b>2005</b>	<b>330</b>
<b>2006</b>	<b>310</b>
<b>2007</b>	<b>400</b>
<b>2008</b>	<b>360</b>

**TABEL 1**

**TABEL 2****TABEL 3**

**3.1.3 Beskryf enige VYF entrepreneuriese kappe wat ABC Goudmyntmaatskappy kan gebruik om die sukses van hul besigheidsonderneming te assesseer. (LO2 AS4)**

- Goeie organisatoriese en bestuurs vaardighede. ✓✓
- Optimisties oor die toekoms en stel doelwitte wat bereikbaar is deur die implementering van essensiële bestuursfunksies. ✓✓
- Goeie kommunikasievaardighede en skep 'n positiewe werksomgewing wat aangenaam is. ✓✓
- Die entrepreneur moet kreatief en innoverend wees en nuwe uitdagings geniet. ✓✓
- Geniet goeie interpersoonlikheidsvaardighede en beskik oor die vermoë om met mense te werk om hul behoeftes te bevredig. ✓✓
- Bereidheid om berekenbare risiko's te neem en vermeerder uitsette en wins. ✓✓
- Voorsien leierskap in die organisasie en maak duidelike beoordelings op onvolledige inligting. ✓✓
- Positiewe benadering, selfvertroue, vasberade en toegewyd om ten alle tye sy/haar bes te doen. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot entrepreneuriese kappe.

**ENIGE (5 x 2) (10)**

Blaai om asseblief

**3.2 Diskriminasie in die werksplek is een van die menseregtekwessies wat 'n negatiewe invloed op die verhouding tussen werkgewers en werknemers het.**

**3.2.1 Stem jy saam met of verskil jy van hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (LO2 AS5)**

- **Stem saam** √√

Motivering:

- Ontevredenheid kan lei tot lae moraal. √√
- Enige ander antwoord met betrekking tot benadering van diskriminasie in die werksplek.

**OF**

- **Stem nie saam nie** √√

Motivering:

- Werkers mag sekuriteit en hoë vergoeding verkies in vergelyking met satisfaksie/moraal √√
- Oorweeg enige relevante antwoord met betrekking tot ontevredenheid/intrinsieke of eksentriek motivering, ens.

Puntetoekenning:

Stem saam/Stem nie saam	2
Rede	2

**Maks. 4**

**NOTA: Indien slegs Saamstem/Verskil gegee is, sonder enige verduideliking – GEEN punte.**

**3.2.2 Dui aan hoe diskriminasie in die werksplek opgelos kan word. (LO2 AS5)**

- Berei 'n etiese kode voor vir die maatskappy. √√
- Herkenning van die kollektiewe ooreenkoms tussen die bestuur en arbeid. √√
- Maak voorsiening vir opleiding, rol spel en nabootsing van verskillende wette van diskriminasie sodat belanghebbers bewus is van die basiese menseregte van werkers. √√
- Verwys altyd na die Wet op Gelykheid. √√
- Enige ander relevante antwoord vir oplossing.

**ENIGE (2 x 2) (4)**

**3.3 Beskryf elk van die volgende beleggingsgeleenthede en evaluateer of jy dit beskou as 'n lae-, medium- of 'n hoërisiko-belegging:  
(LO2 AS7)**

**3.3.1 Aandele**

**Omskrywing**

- Aandele word deur maatskappy verkoop om kapitaal te verkry.  
Mense het 'n geleentheid om aandele in 'n maatskappy te koop. ✓✓
- Aandeelhouers ontvang winste van die maatskappy in die vorm van dividende vir hulle belegging. ✓✓
- Aandele kan gekoop of verkoop word in die intermediêre/medium of lang termyn. ✓✓
- Regeringondernemings is nou gelys in die JSE as publieke maatskappy. Hierdie aandele word ver benede die markwaarde aan voorheen benadeeldes aangebied. ✓✓

**ENIGE (1 x 2) ( 2 )**

**Risiko**

- Belegging in aandele word algemeen beskou as lae, medium of hoë risiko. ✓✓  
(Aanvaar as aard van risiko verduidelik of geïmpliseer word. Skryf risiko en dui 2 merkies aan) (✓✓)

**(2)**

**Motivering**

- Indien die maatskappy bankrot gaan, verloor die aandeelhouer slegs sy/haar beleggingsgedeelte van die geld. ✓✓
  - Mag 'n gedeelte in die vorm van dividende ontvang indien die maatskappy gelikwidgeer word. ✓✓
  - Die konsep van beperkte aanspreeklikheid is van toepassing in terme van die maatskappywet waarby die aandeelhouer slegs die bedrag wat aandele belê is, verloor. ✓✓
- Enige relevante motivering oor risikofaktor

**(1 x 2) (2)**

**3.3.2 Effektetrusts**

**Omskrywing**

- Effektetrusts verwys na die bymekaarsit van beleggers se geld wat belê kan word in 'n wye portefeuilje van aandele of effekte. ✓✓
- Beleggings kan gemaak word in drie hoofkategorieë, naamlik algemene fondse, spesialiteitsfondse en inkomstefondse. ✓✓
- Gewoonlik 'n medium- of langtermynbelegging

**ENIGE (1 x 2) (2)**

**Risiko:**

- Belegging van fondse in effektetrusts word as lae tot medium risiko beskou. ✓✓  
(Aanvaar as aard van risiko verduidelik of geïmpliseer word. Skryf risiko en dui 2 merkies aan) (✓✓)

**(2)**

**Motivering**

- Effektetrusts word bestuur deur portefeuilje-spesialiste wat die effektetrustmark verstaan voordat 'n beleggingsbesluit geneem word. √√  
Enige relevante motivering oor risikofaktor

(2)

Puntetoekenning:

Omskrywing	2 punte
Risiko	2 punte
Motivering	2 punte
<b>Maks.</b>	<b>6 punte vir elk</b>

**3.4 Bespreek die invloed van die volgende faktore op die sukses en mislukking van 'n beslote korporasie en 'n eenmansaak. (LO2 AS8)****3.4.1 Kapitaal****3.4.2 Wetgewing**

	<b>Beslote Korporasie</b>	<b>Eenmansaak</b>
<b>3.4.1 KAPITAAL</b>	<b>Sukses</b> Kapitaal word bygedra deur 'n maksimum van 10 lede ten einde 'n groter kapitaal-bydrae vir 'n klein tot medium grootte onderneming te hê. √√	<b>Sukses</b> Die kapitaal is beperk tot die bedrag wat een persoon kan bydrae. Hy/Sy mag ook sy/haar toevlug neem tot lenings van finansiële instellings. √√
	<b>Mislukking</b> Onvoldoende kapitaal vir financiering in die klein tot medium grootte onderneming. √√	<b>Mislukking</b> Onvoldoende kapitaal indien hy/sy die besigheid wil uitbrei. √√
<b>3.4.2 WETGEWING</b>	<b>Sukses</b> Die besigheid moet geregistreer word by die Registrateur van geslote korporasies met 'n stigting stelling wat dit 'n groter mate van kontrole verleen. √√	<b>Sukses</b> Die eenmansaak moet geregistreer word by die plaaslike regering ten einde voordele te benut, bv. bied tenders aan of die uitkontraktering van die besigheid by die plaaslike regering. √√ Die regering bevorder klein besighede. √√
	<b>Mislukking</b> 'n Lid kan op 'n manier handel wat die BK kan beroof. √√	<b>Mislukking</b> Die aanspreeklikheid van die eenmansaak is onbeperk wat kan lei tot die verlies van sy/haar persoonlike besittings. √√

(2 x 8) (16)

**Maks. 12**

**Toekenning van punte:**

- **2 punte elk vir 1 feit slegs op beide sukses (4 punte) en mislukking (4 punte) vir beide kapitaal en wetgewing.**
- **Maksimum punte 12.**
- **Oorweeg enige ander relatiewe antwoord met betrekking tot sukses of mislukking in terme van kapitaal en wetgewing.**
- **Hoef nie in tabel vorm te wees nie.**

**[60]****UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 3	PUNTE
3.1.1	6
3.1.2 (a)	2
3.1.2 (b)	6
3.1.2 (c)	2
3.1.2 (d)	2
3.1.3	10
3.2.1	4
3.2.2	4
3.3.1	6
3.3.2	6
3.4	12
<b>TOTAAL</b>	<b>60</b>

**VRAAG 4****4.1.1 Indien jy die bestuurder van Trust Lodge was, sou jy Thembi aangestel het?  
Motiveer jou antwoord. (LO4 AS3)**

- **Nee.**
- Heradverteer die pos aangesien Thembi die enigste applikant was. √√
- Thembi het nie 'n persoonlike belang in die organisasie nie en is daar slegs vir persoonlike gewin. √√
- Thembi kan dalk nie toegewy wees aan haar werk nie. √√
- Produktiwiteit by die werkplek mag skade ly. √√
- Thembi kan nie gemotiveer wees om die werk tot die beste van haar vermoë te doen nie. √√
- Kwalifikasies pas nie die pos nie. √√
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot gepastheid.

**OF**

- **Ja** √√
- Trust Lodge het geen ander applikante vir die pos gehad nie. √√
- Trust Lodge kan haar oorreel om opleiding as 'n ontvangsdame te ondergaan. √√
- Trust Lodge kan haar aansporingsgeleenthede aanbied, bv. reistroelae, ens. √√
- Oortuig haar van haar potensiaal as 'n ontvangsdame met die moontlikheid om haar salaris te verhoog met die toename in werkprestasie. √√
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot indiensneming.

Puntetoekenning:

Ja of Nee	2 punte
Motivering 2 punte elk	4 punte
<b>Maks.</b>	<b>6 punte</b>

**LET WEL: 1. Ja of Nee sonder motivering = GEEN punte.****2. As ja of nee geïmpliseer word in die motivering, skryf ja of nee en ken 2 merkies toe (√√)****4.1.2 Maak enige VYF voorstelle oor klousules wat Trust Lodge in hulle werknemerskontrak kan insluit. (LO4 AS3)**

- Naam van die werknemer. (Identiteitsnommer en belastingnommer). √√
- Adres en kontakbesonderhede. √√
- Werksure. √√
- Verlof en pensioenvoordele. √√
- Vergoeding. √√
- Aftrekkings bv. pensioen, belasting, mediese fonds en WVF. √√
- Griewe en dissiplinêre prosedure. √√
- Bepalings met betrekking tot beëindiging van diens. √√
- Oortydbepalings. √√
- Byvoordele. √√
- Herstel van nie-prestasie. √√
- Posbeskrywing √√
- Proeftyd √√
- Enige ander relevante klousule √√

**ENIGE (5 x 2) (10)**

**4.1.3 Sou die klosules genoem in VRAAG 4.1.2 kon help om die krisis wat tans deur Trust Lodge ervaar word, te verhoed?  
Verduidelik jou antwoord. (LO4 AS3)**

- Ja. ✓✓ (2)

**Verduideliking**

- 'n Geskrewe indiensnemingskontrak kon die probleem oplos. ✓✓
- 'n Gedetailleerde beleid ten opsigte van die versterking van werkers spesifiseer die minimum aantal applikante wat vir die pos gekortlys moet word. ✓✓
- 'n Beleid van bevordering binne in die organisasie vir sekere poste. ✓✓
- Geen dissiplinêre prosedure.
- Erkenning van posbeskrywing.
- Duidelikheid oor proeftyd.
- Geen duidelike posspesifikasie nie.
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot beleid in die oplossing van 'n krisis.

(Maks. 4)

Puntetoekenning:	
Ja	2
Verduideliking (2 x 2)	4
<b>Maks.</b>	<b>6</b>

**LET WEL: 1. Ja, sonder motivering = GEEN punte.**

**2. As in verduideliking geïmpliseer, skryf ja en ken 2 merkies toe (✓✓)**

**4.1.4 Noem enige VYF aspekte wat 'Trust Lodge' sou insluit in hul implementering van die induksie en plasingsproses vir Tembi. (LO4 AS3)**

- Die bestuurder moet Thembi oriënteer in die nuwe omgewing deur haar bekend te stel aan die organisasie, toesighouer en kollegas. ✓✓
- Sy moet bekend wees met die stelsels en procedures van die organisasie. ✓✓
- Bestuur moet haar oriënteer in die pos totdat sy daarin gevestig is. ✓✓
- Lig haar in met betrekking tot beleide en regulasies. ✓✓
- Lig Thembi in rakende die missie van die besigheid en die kliënte. ✓✓
- Verslag en kommunikasie kanale. ✓✓
- Verbeter vaardighede deur in diens opleiding. ✓✓
- Verstaan en aanvaarding van die werk. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord rakende die induksie en plasingsproses.

**ENIGE (5 x 2) (10)**

**4.1.5 Noem die Wet wat die indiensnemingskontrak tussen Trust Lodge en Tembi reguleer. (LO4 AS3)**

- Die Wet op Basiese Indiensnemingsvoorwaardes van 2002. ✓✓
- BIW ✓✓

(2)

**LET WEL: Sonder jaar/nommer aangedui, ken volpunte toe.**

**4.2 Noem in breë trekke VYF stappe wat 'n goeie bestuurder sal volg ten einde konflik in die werksplek op te los. (LO3 AS6)**

- Neem kennis dat daar konflik is tussen werknemer en bestuur. √√
- Identifiseer die oorsaak van die konflik. √√
- Reël 'n vergadering tussen die werknemer en bestuur. √√
- Bedink strategieë om die probleem op te los. √√
- Notules van vergaderings moet aangeteken word. √√
- Berei 'n memorandum van verstandhouding voor wat deur die werknemer en bestuur onderteken word. √√
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot stappe om konflikte by te lê.

**ENIGE (5 x 2) (10)**

**OF**

**Alternatiewe antwoord:**

- Ignoreer konflik √√
- Voor-onderhandelinge √√
- Onderhandelinge √√
- Na-onderhandelinge √√
- Opvolg van die proses √√

**OF**

**Alternatiewe antwoord:**

- Benader die konflik direk √√
- Bedinging √√
- Mediasie √√
- Arbitrasie √√
- Reg tot appé √√

**OF**

**Alternatiewe antwoord:**

- Ontmoet konflikterende partye √√
- Maak seker partye verstaan dat dit reg is om nie ooreen te stem nie √√
- Laat elke party hulle saak stel √√
- Oorweeg die bestuurder se perspektief oor hoe om die konflik op te los √√
- Stel tyd vor die oplos van die konflik √√
- Enige ander relevante stap in die oplos van konflikte

**LET WEL: Stappe moet nie in 'n spesifieke volgorde te wees nie.**

**4.3 Noem en verduidelik EEN bestuurstyl wat jy tans as die effektiestste beskou om maksimum sukses in besigheid te verseker. (LO3 AS5)**

**Styl**

- Outokratiese bestuur √√ (2)

**Motivering**

- Hierdie styl is diktatoriaal en kan slegs sekere tipies besighede pas. √√
- Bruikbaar vir implementering en kontrole van beleid. √√
- Enige relevante antwoord met betrekking tot outokratiese bestuurstyl.

**ENIGE (1 x 2)(2)**

**OF****Styl**

- Demokratiese bestuur ✓✓ (2)

**Motivering**

